Jaarblaaie

DINAND POSTMA BIBLIOTEEK

Johan Claassen Broers (EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

# die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

JAARGANG XXII — WOENSDAG 8 MAART 1967 — No. 5

ENBRITE ELEKTRIESE MPY. (Edms.) Bpk.
Von Wiellighstraat 9B, POTCHEFSTROOM.
Besoek ons vir elektriese benodigdhede, hardeware, vlekvrye staal, porseleinware en tafellinne van hoë gehalte.
Telefoon: 6213

*Simposium oor Kommunisme:*

# HULPKORPS WIL A.S.B. INFILTREER, SÊ L.V.

**'n SKANSORGANISASIE wat Nusas-lede en A.S.B.-lede verenig, kan uitloop op infiltrasie van die A.S.B."**

**Die woorde is gebruik deur mnr. Jaap Marais L.V. toe hy opgetree het op 'n simposium oor die bedreiging van Kommunisme en Liberalisme op die jeug, wat deur die Hervormde Studentevereniging gereël is en op Vrydag 3 en Saterdag 4 Maart in die Totius-gedenksaal plaasgevind het.**

**Mnr. Marais het die South African Voluntary Service bestempel as 'n skansorganisasie wat Afrikaanse tudente wil betrek by doelstellings wat hulle nie onderskryf nie. Die South African Voluntary Service is gestig om diens aan swart volke te lewer. Die skema is ten dele deur Afrikaanssprekendes gefinansier, volgens mnr. Marais.**

Mnr. Marais het gesê dat die S.A. Voluntary Service waarskynlik 'n poging van Nusas is om die A.S.B. by 'n verenigde front te betrek en so homself uit sy ,isolasie' te red.

**KOMMUNISTIES**

**Mnr. Marais het die geval genoem as voorbeeld van die drie belangrikste Kommunistiese organisasiewapens, naamlik insypeling, verenigde front en skansorganisasie. Die metodes moet samehang met die stryd van die Kommunistiese magte teen die Weste gesien word, het hy gesê.**

Mnr. V. Volker L.V. het 'n referaat oor die internasionale magstryd gelewer. Dr. A. P. Treurnicht, redakteur van die Kerkbode, het ook aan die simposium deelgeneem met 'n referaat oor die ideëoorlog.

**WERKE**

In 'n referaat oor ons Afrikanerskap vandag het dr. A. G. Kellerman o.a. gesê dat die lewer van letterkundige en akademiese werke in die Afrikaanse gees en tradisies 'n belangrike taak is wat vir die student wag.

## Sprekers



Die persone wat die Simposium oor Kommunisme georganiseer en daaraan deelgeneem het: In gewone orde verskyn agter: mnre. P. Malan, J. A. Marais L.V., dr. A. G Kellerman, ds. De Beer; voor: dr. A. P. Treurnicht, ds. Oosthuizen, mnr. Volker L.V. (Foto: Fotokuns)

# A.S.B.- KOMITEE HET GROOT PLANNE

**„Beplanning in die studente-lewe gee die basis, die grondlyne waarop die jaar se werk moet rus" lui die inleiding van die A.S.B. Komitee se jaarverslag van 1967.**

Wat die komitee-werk betref, sal behalwe die komiteevergaderings, ook departementele werksaamhede plaasvind soos beoog, soos skakeling met ander kultuurliggame, werkstukke en simposiums oor Afrika-aangeleenthede, binnelandse studentebetrekkinge, die aanlê van 'n plakboek en buitelandse studentebetrekkinge met nie-kommunistiese universiteite.

**PROGRAMVERGADERINGS**

Die volgende programvergaderings word in die vooruitsig gestel:

- 16 Maart: jaarlikse takbesoek van die hoofbestuur.
- 26 April: A.S.B.-gedenkaand met die oog op die 50-jarige bestaan van die A.S.B. waarheen oud-A.S.B.-lede genooi sal word en dr. Piet Meyer as spreker sal optree.
- 14 Junie: A.S.B.-Korps parlement.
- 9 Augustus: Dr. H. F. Verwoerd-aand by welke geleentheid gepoog word om min. P.W. Botha as spreker te kry.

## Evolusie word bespreek

**Korps V.V. se eerste programvergadering vir 1967 vind moreaand om 7 uur plaas. Die sprekers by die geleentheid is Proff. S. du Toit, J. A. L. Taljaard en J. P. Botha. Die onderwerp wat hulle sal bespreek is „Christelike Evolusie?"**

**„'n Uiters interessante aand word in die vooruitsig gestel aangesien al drie die sprekers 'n intensiewe studie van die onderwerp gemaak het en besonder sterk menings daaroor huldig," het 'n lid van die Korpsbestuur aan Die Wapad gesê.**

## *Interfakultêre Lesings*

Mnr. P. J. Cillie, hoofredakteur van Die Burger en mnr. P. Koornhof L.V. is twee van die sprekers wat op Dinsdag 14 Maart tydens die Interfakultêre lesings aan die P.U. sal optree.

Alle lesings sal in die voormiddag opgeskort word ter wille van die interfakultêre lesings. Prof. S. P. Lighthelm sal om 8.30 praat oor Ontwikkeling en Perspektief in die Suid-Afrikaanse industrie. Om 9.30 lewer prof. A. P. Grové 'n lesing oor Ontwikkeling en Perspektief by die Suid-Afrikaanse jeug.

**INTERNASIONAAL**

Mnr. P. Cillie sal om 7.45 in die aand 'n lesing lewer oor Ontwikkeling en Perspektief in Suid-Afrika se internasionale verhoudinge.

**Van alle dosente en studente word verwag om die lesings by te woon.**

# SEMINAAR IS GEHOU OOR MIDDE-OOSTE

**„Dit gaan nie alleen om ekonomiese en politieke probleme in Israel en die Midde-Ooste nie, maar ons moet ook religieuse motiewe daarin sien." Hierdie stelling is verlede Woensdagaand deur Prof. S. du Toit gemaak toe hy die plaaslike Seminaar vir Internasionale Politiek toegespreek het oor die onderwerp: Die Midde-Ooste—Kruitvat van die Wêreld.**

Die byeenkoms, wat die eerste was wat vir hierdie jaar deur die Seminaar gereël is, is bygewoon deur sowat honderd belangstellendes.

**VOORUITGANG**

Prof. Du Toit, wat onlangs teruggekeer het van 'n toer deur die Midde-Ooste, het hom in sy toespraak veral toegespits op die situasie in daardie gebied gesien uit die oogpunt van die staat Israel. Volgens hom is dit verbasend hoeveel vooruitgang daargemaak is, veral omdat die Israelis nie van die nederigste werk terugskram nie. Gevolglik is Israel vandag in vele opsigte 'n moderne staat.

Die verhouding van die staat tot die Arabiese state, het Prof. Du Toit gesê, word deur haat gekenmerk. Dit is vir die Weste van die grootste belang dat Israel standhou, terwyl Rusland op sy beurt op groot skaal wapens aan die Arabiese lande verskaf. 'n Pasiferende faktor is egter die feit dat daar groot verdeeldheid onder die Arabiese state heers en dat veral Jordanië en die Libanon die Weste redelik goedgesind is.

Prof Du Toit het ten slotte ook gewys op die plek van die staat Israel gesien in die lig van die Bybelse profesieë. In hierdie verband is dit veral die profesie oor Armageddon wat nuwe betekenis kry as mens let op die huidige politieke toestand en Israel se plek tussen Ooste en Weste.

## Ekonome gaan vergader

Die Ekonomiese Vereniging hou eerskomende Vrydagaand sy eerste vergadering. By die geleentheid sal Dr. F. J. Viljoen, voorsitter van die Nywerheidshof, praat oor arbeidswetgewing. Die byeenkoms vind om 7.30 nm. in die Frans du Toit-gebou plaas.

# Uitbreiding dra beginsels uit, sê direkteur

**„Die hoofdoel met die P.U. se uitbreidingsprogram is om die universiteit se Christelike beginsels tot die verste uithoeke van ons land uit te dra," het mnr. C. J. Reinecke, direkteur van die departement van Ontwikkeling aan die P.U. onlangs by 'n Jongeliede Vereniging gesê.**


Die fenomenale groei wat die P.U. die afgelope paar jaar ondergaan het, het wel te doen met sy departement se beplanning en organisasie, maar bo alles kan dit gesien word as komende uit die hand van die Skepper. Op die fondament van die Skrif is die P.U. gegrondves en op hierdie fondament word dan ook die hele uitbreidingsprojek aangepak.

**OORDRA**

Op 'n vraag of die groot uitbreidingsprogram nie die P.U. se lankgevestigde tradisies sal skaad nie het mnr. Reinecke geantwoord dat so iets wel gevrees mag word, maar as elke student hom hou by sy Christelike beginsels en dit na sy medestudente oordra, so iets buite die kwessie raak. Hoe meer studente hier op die P.U. gevorm word, hoe meer doelgerigte, beginselvaste volwassenes gaan uit in die samelewing en hoe verder en beter word die P.U. se beginsels en ideale uitgedra.

**RESPEK**

**Mnr. Reinecke het ook beklemtoon dat sy departement alleen poog om die P.U. landswyd te maak en dat hulle beslis geen ander universiteit in hulle pogings verkleineer of swak voorstel nie. Daarom kom studente na die P.U. uit eie oortuiging uit respek vir sy beginsels, en word hulle nie maar net gewerf nie.**

*Agente vir:*
INNOXA COTY
VITAMOL
Besoek ons uitgebreide GESKENKEAFDELING
DIE BULT-APTEEK

Tomstraat 88b & c — Tel. 5943
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
*Ondersteun 'n Oud-Pukkie*

**GISELA MAIWALD**
*Fotograaf en Fotografiese dienste.*
TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOM

Ruikers vir alle geleenthede
**BOUQUET**
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM

**GROSVENOR MOTORS**
LOMBARDSTRAAT 47
KERKSTRAAT 69
TELEFOON: 4351/2/3
GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook:
**Vespa**
en
**Lambretta**
BROMPONIES

VIR AL U APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE BESOEK:
**APTEKERS J. P. VAN DER WALT**
(EDMS.) BPK.
**Kerkstraat 118 Potchefstroom**
TELEFOON: 3237

**J HEIDEMA**
vir
**FIETSE**
en vakkundige
**Herstelwerk**
—
**Opberging**
van fietse gedurende vakansies.
Kerkstraat 48 — Tel. 5319

# die WAPAD

WOENSDAG 8 MAART 1967

## SIMPOSIUM

Die simposium oor Kommunisme wat verlede week op ons kampus plaasgevind het, het by baie studente ongemerk verby gegaan.

Vooraanstaande figure moes referate lewer voor 'n klein gehoor.

Wat is die rede hiervoor? Besef die P.U.-student nie meer die gevare wat die Kommunisme inhou nie?

Hoe graag (?) 'n mens ook al die oplossing in die rigting sou wou soek, bly dit tog moeilik om te glo dat die meerderheid van die studente salig onbewus is van die gevare van 'n ideologie wat so 'n belangrike rol in die wêreld van vandag speel.

'n Mens kan moeilik daarvan wegkom dat die simposium nie in alle opsigte geslaagd was nie. Die referate het deurgaans getuig van groot kennis, maar hulle het 'n besonder breë veld gedek. Die inhoud van die referate was derhalwe vir 'n gemiddelde P.U.-student nie meer heeltemal iets nuuts nie.

Dit is natuurlik onmoontlik om aan almal nuwe gedagtes te wil gee by 'n simposium wat vir gewone studente bedoel is, maar daar is beslis 'n gevaar dat deur die oor en oor herhaal van dieselfde feite die belangstelling in toesprake en referate van die aard kan afneem.

Hierby kom ook dat die invloed en taktieke van die Kommunisme deeglik aangetoon is en dat die volkseie van Afrikaner daarteenoor gestel is. Kan die bewaar van die volkseie alleen egter die gevaar afweer?

Is die oplossing nie ietwat minder eenvoudig nie? As teenwig teen die Kommunisme is kultuurhandhawing nie genoeg nie. Daarby kan kultuur, ook nie die Afrikaanse kultuur kan vandag van invloede van buite geïsoleer word nie.

'n Positiewe lewensbeskouing waaruit positiewe optrede voorspruit is voor alles nodig. 'n Negatiewe front is juis gevaarlik. Dit is nie op teenkanting teen die Kommunisme dat die klem moet val nie, maar op die voorstaan van 'n eie beskouing wat ons teen die Kommunisme in wil uitdra.

## SUURDEEG

Met die weekliks verskyning van Die Wapad het die vraag na die taak van die studentekoerant weer na vore gekom.

'n Beswaar wat veral teen die weeklikse verskyning gehoor word, is dat daar te min belangrike gebeurtenisse op die P.U.-kampus plaasvind, om die koerant elke keer met nuus te vul.

Hierteen moet seker in die eerste plek aangevoer word dat nuus nie net 'n verslag van belangrike gebeurtenisse is nie. Buitendien is op 'n universiteitskampus die vernaamste gebeurtenisse bekend voor die verskyning van die studentekoerant. Die studentekoerant moet juis dinge wat vir die student van belang is, maar waarvan hy nie direk te hore kom nie, na vore bring.

Daarby moet onthou word dat deur die uitbreiding van studentegetalle in die afgelope paar jaar, wel heelwat in ons midde plaasvind. Waar die studentefront vroeër net elke drie weke alles van belang kon meld, is die posisie vandag anders. Ook is die tydsfaktor nou van groter belang.

Die taak van die studentekoerant moet egter dieper gesien word as nuuslewering. Dit kan nie gemeet word aan die taak van die groot dagblaaie, wat in volkome verskillende omstandighede optree nie.

In die woorde van die hoofredakteur van Die Burger, mnr. P. J. Cillie, moet die studentekoerant 'n suurdeeg in die studentemassa wees, 'n prikkel teen stagnasie.

Dit is nie die taak van die studentekoerant om oral fout te vind nie. Ook wil dit nie allerlei denkbeelde aan die student opdwing nie.

Die studentekoerant wil alleen die denke van die studente aktiveer. Dit wil die student prikkel om kritiese instelling teenoor sake te hê. Dit sal aan die P.U. natuurlik altyd geskied vanuit ons Christelike grondslag.

'n Groot deel van Die Wapad bestaan uit artikels en rubrieke. Hulle doel is nie om die koerant vol te maak nie, maar wil die student laat nadink oor alle vraagstukke wat hom behoort te raak.

Die taak van die studentekoerant is die bevordering van 'n gesonde studentelewe.

## *Studente skryf en praat . . .*

**Die Pleinfunksie het inderdaad ontaard in 'n geleentheid waar ongesonde jolyt en onsmaaklike grappe 'n alles behalwe mooi beeld van die studente aan die voordeur van die publiek gegooi het, sonder dat studente self altyd 'n aandeel daarin gehad het. — Hoofartikel, Die Perdeby.**

**Laat ons hierdie liberalistiese miershope en termietneste oopbreek en die vyand met sy tientalle frontorganisasies wat saamspan in die aanval op ons volk en die geestelike erwe van ons vaad're aan die lig bring. — Dr. A. G. Kellerman op simposium teen Kommunisme.**

**Of as dit by slagspreuke kom, is dit anti-diskriminasie, anti-tradisie, anti-gewoonte, anti-vooroordeel, anti-naionaliteitsgevoel en hoe later hoe kwater -anti-anti-kommunisties- — Dr. A. P. Treunicht op simposium teen Kommunisme.**

## In U Lig

**Efesiërs 6:13 — „Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil, en nadat julle alles volbring het, staande kan bly."**

Paulus gebruik die beeld van 'n krygsman wat hom bewapen vir die geveg. Die volle wapenrusting moet hy aantrek, en niks minder nie, anders sal hy sterwe.

Die gelowige is 'n krygsman in die leërmag van die ewige God en moet homself bewapen. Die wapens word nie gekoop met goud of silwer nie. Uit genade word dit aan ons geskenk, nl. die Woord van God.

So is die Heilige Skrif aan ons gegee as middel tot saligheid. Daarom moet ons indring in die waarhede van die Woord om ons so toe te rus met die wapenrusting van die geloof, sodat ons staande kan bly in die dag van stryd.

Ons lewe in 'n tyd van geestelike verwildering, 'n lewe wat een groot drama is van Godsontvlugting en wat reeds in die paradys begin het, maar ook lewe ons in 'n tyd van legio van valse godsdienste. As ons nie ten volle bewapen is nie, hoe sal ons dan staande bly, onsself kan handhaaf en verdedig? Dan sal ons moet val vir die valsheid, val in die hande van Satan.

Laat ons daarom erns maak met die Bybel in ons lewe, sodat ons sy wil kan ken om Hom reg te dien en ons staande kan bly in die dag van onheil en nadat alles volbring is, die goedheid van die Here eendag mag aanskou in die land van die lewendes.

## = Deur My Lens =

Soos soldate na die slagveld, marsjeer ons deur die jare oor die kampus. Soms kletter die stewels oor 'n sementblad, soms stol elke geluid in die milde groen gras waaroor ons stap. Ander kere is daar die skadu's van bome (en ander omstander dinge) wat vir momente oor mens fliet. Maar bo is die lug blou, immer blou — al is daar net partykeer vuilwit wolke wat slordig teen mekaar ophoop. En saans is dit kolle neonligte: tussen die takke van 'n boom, langs 'n boom, langs die pad, in die ooptes. Byna op elke plek.

**SINISME**

(Tot sover dan my letterkundige bedrywigheid vir hierdie rubriek. Verlede jaar se bewonderaars van my sinisme hou glo nie van hierdie nuwe genre in Deur my Lens nie.)

Enkele kommissies is reeds hard besig om die toenemende verwording in ons midde te ondersoek. Dit is eintlik die dilemma van ons Universiteit. Die dekadente ondersoeke, bedoel ek.

**TABOE**

Maar ons moet voortgaan, al gaan dit soms kruipende. Daarom slaan ons mekaar op die skouers en roep: „Prosit, broer! Prosit! Wiewilla — daar gaat hy!" En ons onderdruk weemoedig die begeerte om die eerstejaars met knopkieries te slaan. Dan raak mens meer gemoedelik en met absolute geloof in die eiegeregtigheid word daar luidkeels en hartgrondiglik gegil: „Terug na die Ou Paaie!" Daar word ook nie eers meer gehoor as sommiges se stembande nog enkele na-geluide peristaltiseer nie: „Rooiduiwels: Ogpoel! Hof van Hades!" Dit bly tevergeefs. Selfs Blik-in-die-as is taboe.

**VUISTE**

So het ook die Afrika-konferensietjies van die „goeie ou dae" verlore gegaan. Ongeëwenaarde massavergadering — met die voete op die tafels en die vuiste in die lug. Die rare situasies het deur ons vingers geglip — vir altyd verlore. Kry ons nou massavergaderings in die atmosfeer van ouderlinge om 'n sinodetafel?

Maar daar is nog een uitweg voor algehele bankrotskap en kapitulasie. Ons moet ons tot die akademiese sfeer wend.

**JAARPUNTE**

Sou dit nie 'n ideale toestand wees as die studente jaarpunte aan die dosente toeken nie? In Duitsland word dosente volgens wetenskaplike metodes beoordeel vir hulle lesings. Hoeveel sal hier slaag?

REFLECTOR

## Ons Flitsgedagte

**SLEEP**

Die woordeboek verklaar die woord as 'n voortstrompeling of voortbeweging van iets wat agteraan getrek word.

Die studentewoordeboek verstaan onder sleep al die aksies van twee jongmense van die teenoorgestelde geslag wat meen dat hulle mekaar liefhet of hoop dat hulle mekaar nog lief sal kry.

Tog het die woordeboek en studentewoordeboek by die woord sleep iets in gemeen: studentesleep lyk dikwels soos 'n voortstrompeling in donker paadjies van twee mense wat krank van die liefde is.

Daar is egter ook 'n verskil: baie van die studentesleep is nie voortbeweging nie, maar stilstand — amper roerlose stilstand in liefdesekstase.

Sleep is mooi, goed, nodig, inspirerend, voorbereidend, vol belofte, opwindend.

Sleep kan ook lelik, sleg, nodeloos, aftakelend, bederwend en gevaarlik wees:

- Waneer dit oorheersend word en die studie bedreig.
- Wanneer dit grof word en die kuisheid besmet.
- Wanneer dit afstotend word en die waardigheid oorskrei.

Die riglyne vir gesonde sleep bly: Godsvrug; kuisheid; opregtheid; selfbeheersing; grenserkenning; selfrespek; voorbeeldigheid; versigtigheid en vrolikheid

En as jy nie sleep nie, is dit nie 'n skande en skaamte nie want van sleep alleen sal jy nie lewe nie —

Aanvaar dit en wees nugter, sonder om die hoop te begrawe en bitterheid te troetel.

Wm.

## DIE VERE MAAK DIE VOëL




# Ons Lesers Skryf

## WAAR WAS HULLE?

Geagte Redakteur, — by die H.S.V. se simposium oor kommunisme het ons die room van ons land se sprekers voor ons gehad, maar:

Waar was die Pukke? (veral ons studenteleiers!)

En ons Dosente?

Op P.O.K. is die plakkate afgeskeur! (genoeg rede om wakker te word).

Ons bly weg terwyl belangrike sake soos samewerking met Nusas (waaraan ook ons nou dink!) daar as beginsel-vergetende kompromie bewys is.

P.V.

## Maanligonthaal

Ontspanningskomitee gelukwens met die wyse waarop hulle sake Saterdagaand hanteer het toe die beplande Maanligonthaal moes verdeel na twee neonliglokale.

**Daar is egter vir my 'n klein foutjie in die voorbereidende organisasie. Ons is almal bewus van die feit dat dit in Potchefstroom baie maklik reën —veral vanjaar. Daarom kan ek dit nie verstaan dat die kos buite op die tafels bly staan het totdat die reën begin val het nie. Volgens my mening was daar genoeg yd om die eetware van die tafels te verwyder voordat dit begin reën het. Dit kon baie moeite en verkoues gespaar het.**

Veerder wil ek aanbeveel dat die Ontspanningskomitee in die toekoms laat afkondig wat die prosedure is nadat die mans die dames „geskiet" het. Moet die dames die mans dan by hul onderskeie koshuise gaan opspoor en vra om saam te gaan na die dinee of moet die mans in elk geval die dames gaan vra? Daar het verlede Saterdagaand misverstand hieroor geheers.

Hiermee wil ek nie te kenne gee dat ek die organisasie beter sou laat vlot het nie. Inteendeel al my lof ver wat die komitee onder omstandighede vermag het.

J. VAN DEN BERG,
(Brief verkort — red).

## Waarom vreemde bome, vra Puk

Geagte Redakteur, — Dit is skaars nodig om te sê dat om student te wees aan 'n eg Christelike Afrikaanse Universiteit 'n besondere voorreg is. Uit dankbare trots wil ons hierdie stempel dra.

Tog is daar dingetjies wat haper. Ons kampus en die koshuisterreine! Ek het dit teen die uitheemse bome wat so lustig aangeplant word. Kyk maar om u heen. Ons stap daagliks daarby verby. Watter ander volk sal sy inrigtings se gronde beplant met die bome en struike van 'n vreemde land?

Ons eie bome is in alle opsigte mooier en meer doeltreffend en tog soek 'n mens tevergeefs daarna. Ons adem as't ware die lug van 'n Brits-Europese universiteit in. Dit trots vir die eie ontbreek tog nie.

PIETER GOOSEN

# Ontwikkelingsplanne vir P.U. deur direkteur geskets

**Voorsiening vir nagenoeg 5,000 studente en ten minste tien nuwe geboue-komplekse word vir die P.U. binne die volgende dekade in die vooruitsig gestel. Die inligting is in 'n onlangse onderhoud van prof. S. J. du Plessis adjunk-direkteur (reklame) van die nuwe Dept. van Ontwikkeling van die P.U. verkry.**

**Volgens prof. Du Plessis kom dit daarop neer dat die universiteit grootliks herbou sal moet word. Min van die bestaan de geboue sal egter gesloop word aangesien sommiges vir ander noodsaaklike doeleindes toegerus sal word, ander omgebou en totaal gemoderniseer sal word.**

**Huidige statistieke toon die daar vanjaar nagenoeg 2,800 studente is waarvan ruim 33 persent nagraads is — die grootste persentasie in die land. Van die ongeveer 250 personeellede is om en by 170 permanent doserend. Daar is 'n koshuis in aanbou vir 250 damestudente met 'n gemeenskaplike eetsaal vir 1,000 hongeriges.**

**Nog 'n kompleks van vier eenhede van 250 inwoners elk met ook 'n gemeenskaplike eetsaal is nog in die beplanningstadium. Die projekte sal teen 1969/70 voltooi wees. Dit sal dan uiteindelik koshuisgeriewe verskaf vir ongeveer 1,150 mans en meer as 900 dames.**

**NUWE GEBOUE**

Die biologiese wetenskappe het so uitgebrei dat die bestaande fasiliteite totaal ontoereikend is. Daar sal 'n nuwe geboue-kompleks en laboratoria opgerig moet word om huisvesting te gee aan Plantkunde, Dierkunde, Mikrobiologie en Biochemie. Hulle sal gemeenskaplike lesingsale hê en daar word ook voorsiening gemaak vir 'n goedbeplande en -toegeruste botaniese tuin in die omgewing van die gebou.

**HUISVESTING**

Die administrasie het al so uitgebrei dat 'n deel daarvan al in die ou hoofgebou gehuisves moet word. Die nuwe Dept. van Ontwikkeling is daar weens 'n tekort aan ander huisvesting ook tydelik gestasioneer. Nadat bg. geboue voltooi is sal die huidige Plantkundegebou aan die Administrasie toegesê word, terwyl die Fakulteit Regte dan die huidige Administrasie-gebou sal betrek.



PROF S. J. DU PLESSIS

Verder word beplan dat die huidige Dierkunde-gebou omgebou sal word vir die Depte. Aardryks- en Aardkunde wat al so uitgebrei het dat dit nou nuwe doeltreffender toerusting en 'n groter ruimte dringend benodig.

**Daar word beoog om waar die huidige Ekonomie en Aardrykskunde geboue is 'n gemeenskapsentrum vir die studente op te rig. Dit sal baie bydra tot die verbetering van die sg. studentegees aangesien dit die noodsaaklike toebehore sal bevat vir massa-ontspanning. 'n Teatersaal wat die integrale deel sal vorm van die sentrum, sal ook as studentesaal dien.**

**INGENIEURSWESE**

Nuwe geboue sal opgerig moet word vir die Ekonomiese Wetenskappe, Fisika en Chemie. Volgens prof Du Plessis kan die bestaande Industriële Chemie beskou word as die begin van 'n Fakulteit in die Ingenieurswese.

## Pro-„Folksinger" tot simposium uitgedaag

**'n Uitdaging is deur die departement Studie en Navorsing van die plaaslike A.S.B.-tak gerig aan die opsteller van 'n skrywe wat op die hoofkennisgewingbord op die kampus verskyn het.**

**KOMMUNISME**

Mnr. K. A. J. van Rensburg het namens die departement gesê: „Dit is reeds algemeen bekend dat dit een van die suksesvolste wapens van die Kommunisme is om die tradisies en die volkseie van 'n volk te verkleineer en belaglik te maak.

**BELAGLIK**

„Wanneer so 'n proses verder aangehelp word deur persone in eie geledere, stem dit 'n mens tot nadenke. Ek verwys na die koerantuitknipsel wat onlangs op die hoofkennisgewingbord verskyn het. 'n Artikel waarin gewys is op die gevaar wat die sg. „Folk" sang vir ons volk inhou, is deur naamlose persone belaglik gemaak.

**GEVAAR**

Dat hierdie tipe musiek glad nie so onskuldig is nie, maar trouens 'n dodelike gevaar vir ons volk inhou, sal duidelik blyk uit 'n simposium oor hierdie onderwerp wat eersdaags gehou sal word. Hiermee rig ons dus graag 'n uitdaging aan die opsteller van die kennisgewing om ook die simposium by te woon. Die feite sal vir hulself spreek."

Mnr. Van Rensburg het gesê dat die simposium op Maandagaand 13 Maart in die Letteregebou sal plaasvind.


„VOLKSANG" BESPOT ONS VOLK



'n Fotokopie van die kennisgewing waarna in meegaande berig verwys word.

(Foto: Fotokuns)

Mans- en Sportuitrusters




U KOOP GRAAG

VEKA

daarom koop u by ons, die ENIGSTE VEKA-uitrusters in die dorp

# Van die Studenteraadstafel

Alhoewel die studentejaar nog maar pas begin het, lyk dit of al die ratte van die studentelewe reeds seepglad draai. Ook wat die Studenteraad betref is die masjien volstoom aan die gang. Op 'n onlangse vergadering is dan ook 'n hele aantal besluite van algemene belang geneem.

**SKOOLKINDERS**

Die Studenteraad het besluit om 'n brief aan die Raad van die Universiteit te rig met die versoek dat met die Hoërskool Gimnasium geskakel sal word in verband met die aanhoudende verkeer van skoolkinders deur die P.U.-kampus. Terwyl skoolkinders tans vrye toegang tot ons universiteitsterrein het, word oortreders op die skoolterrein gewaarsku dat hulle vervolg sal word. Die S.R. hoop om op hierdie wyse 'n einde te maak aan die lastige deurry van skoolkinders.

**TRAMPOLIENKLUB**

Op 'n vergadering van die dagbestuur van die S.R. is verder besluit om aan die Trampolienklub patronaatskap van die Studenteraad te verleen. Dit beteken dat hierdie klub nou al die voordele van ander sportklubs geniet en verder ook by die Sportinstituut van die universiteit om finansiële hulp mag aanklop. 'n Verdere besluit van die Studenteraad wat baie nou hiermee saamgaan, is om die proeftydperk vir alle sportklubs van een jaar na ses maande te verkort.

Dit hou in dat enige nuwe sportklub nou reeds na ses maande aansoek kan doen om onder patronaatskap van die Studenteraad te kom. Die Studenteraad besit egter steeds die reg om sodanige aansoek te weier indien die besondere klub nie die nodige lewenskrag en groei toon nie. In sulke gevalle kan 'n verdere proeftydperk aan die klub verleen word.

**INTERVARSITY**

Wat die Intervarsity betref, is die Sentrale Sportbestuur ook reeds druk besig. Die twee Studenteraads verteenwoordigers mnre. Smith en Scott stel dit in die vooruitsig om Intervarsity reeds hierdie jaar op 'n puntebasis te laat plaasvind. Dit kom daarop neer dat elke sportsoort 'n aantal punte kry, gebaseer op die populariteit en ledetal van die betrokke klub. Sodoende sal elke sportsoort 'n deel bydra om te bepaal watter universiteit die Intervarsity wen. Hierdie hele saak is reeds in beginsel deur die S.S.B. goedgekeur, maar moet nog aan die Studenteraad voorgelê word.



*Dit is die snit wat tel...*

- ★ Alba Broeke
- ★ Mentone Pakke
- ★ Monatic Hemde
- ★ Battersby Hoede
- ★ Gregory Sokkies

J. TOD SUTTIE

*Volldige Mansuitrusters en Sporthandelaars*

Posbus 219 — Tel. 3411
Kerkstraat 177
POTCHEFSTROOM

# Op Interkoshuiskonserte word pryse toegeken


**„'n BEDRAG van ongeveer R100 sal aan die beste groep, en 'n wisselbeker aan die beste individuele koshuis gegee word, terwyl elke groep 'n subsidie van R25 sal ontvang wat al hul onkoste moet dek." Dit is volgens mnr. Nico v.d. Merwe, voorsitter van die A.B.K.K. die prys aan die wenners van die reeks inter-koshuiskonserte.**

**Die konserte sal van die middel van April tot Junie op Vrydagaande gehou word. 'n Komitee, bestaande uit die Dagbestuur van die A.B.K.K. en een verteenwoordiger van elke koshuis, sal die organisasie behartig.**

Elke groep ontvang die subsidie waarmee hulle al hul onkoste moet dek. Die A.B.K.K. sal al die propaganda doen. Daar word beoog dat 'n koshuis nie net eenmaal aan die reeks deelneem nie maar aan ten minste vier van die vyf konserte. Die reeks sal op 'n kunsfeesbasis ingerig word en 'n aantal persone is reeds voorgestel om die paneel van beoordelaars te vorm. Onder die beoordelaars tel mense soos mev. W. N. Coetzee, mnr. Arie van Namen, dirigent van die Carmen Aureumkoor, en mnr. Hennie Coetzee.

Die program by elke konsesrt is so vasgestel dat die 'n eenbedryf, koorstukke, indiwiduele items en 'n item na die eie keuse van elke koshuis sal bevat. Toegangsgelde by die konserte sal 15c per persoon en 25c per paar bedra.

## Diskoteek



**Mnr. Flip Buys, konvenor van die Diskoteekkomitee word hier in sy domein betrap. (Foto: Fotokuns)**

# KUNSGESELSIE

In 'n vorige gesprek het ek dit gehad oor die vrae wat rondwarrel rondom die etiese en estetiese waarde van 'n kunswerk. In besonder dan Leroux se veelbesproke roman „Die Derde Oog". Ek wil verder boor in die rigting; maar vooraf waarsku dat ware en finale uitsprake oor die kuns nie finaal formuleerbaar is nie! Daarom is dit hoogstens 'n poging tot sintese; 'n soek na essensie en sin in die literatuur.

### HARTSTOG

**Elke mens het 'n spesifieke wêreldbeskouing en as dit met 'n hartstog aanvaar en beleef word, dan setel noodwendig (?) in die wese daarvan 'n sekere onverdraagsaamheid: In ons lokale situasie waar druk veral van kerklike kant uitgeoefen word, kan dit maklik neig tot 'n star-konsekwente denke. As ons die wêreldliteratuur in oënskou neem en besluit wat behoort tot „ons" tradisionele beskouing, dan sal dit 'n nietige, byna onsigbare deeltjie letterkunde in Afrikaans en Nederlands bedra.**

### GROOTHEID

En die grootheid van ons literatuur setel nie in daardie groepie nie. Totius, Revius, Gezelle, (miskien?) .. om enkele name te noem word wel beskou as goeie kunstenaars, maar in vergelyking met Opperman, Van Wyk Louw, Leipoldt, is hulle, ja mens wil nie wreed wees nie, soos nederige bossies in die wydheid van die Karoo.

### SELFBEDROG

**Maar om dieper te gaan, „tot in die fyn groen van die senuwee," as mens saam met Van Wyk Louw wil praat, dan is die praktiese konsekwensies: hoe is dit moontlik om die dinge te waardeer in die literatuur wat voortkom uit 'n heel ander beskouing, wat selfs radikaal daarteenoor staan? Om die bestaan van so iets te betwyfel sou selfbedrog wees. Ter stawing: prof.**

G. Dekker jubel oor Leipoldt se poësie; hy, as Calvinis, toon die waarde en grootheid van die Dertigers in 'n tydperk toe die Afrikaanse kritiek hulle wou vergruis het.

### STUWING

Hiervoor kan mens eksperimenteel 'n paar verklarings soek: terwyl mens lees en geniet (?) esteties dan, en tydelik, „aanvaar" jy die vreemde stel aksiomas of ideë van die digter of skrywer mits dit dan goed, groot en ryp aangebied word. M.a.w. dat jy die stuwing en spanning van die emosionele wydte en breedheid daarvan in selfs „'n enkele versreël" kan voel „klop". Of miskien: toon alle groot kuns „iets" van die lewe; en dan: 'n sekere „waarheid," 'n soort misterie van die vreemdheid van die estetika?

### KETTER

Om verder te gaan: as die leser die Katolisisme. Eksistensialisme, Kommunisme, ens. aantref as 'n weldeurdagte sisteem wat trou is aan die aard van die boek of miskien die skrywer, dan sal hy dit as goeie selfs groot (!) letterkunde aanvaar. En hiermee ketter ek nie; want dit is, glo ek, nie 'n verloëning van jou God nie. Om 'n eenvoudige voorbeeld te noem: die Rooi leër is nie 'n swak leër omdat hy Kommunisties is nie!

### WAARHEID

So algaande het ons beweeg na die vraag van waarheid in die letterkunde. Nie alles wat geskryf word is waarheid nie. Andersom: as alles in poësie en prosa waar moet wees, wat is dan die aard van die „waarheid"? Of neteliger: wat is



ETIENNE LEROUX

waarheid? Hieroor is daar seker nie onduidelikheid nie? Ek doen dit net om die „waarheidswêreld" in 'n roman of gedig te beklemtoon. As Christene met 'n spesifieke belydenis is daar vir ons maar net een waarheid: om alles te sien as tot eer van God geskape!

### LEUEN

**Hoe nou? Die taak ons opgelê is om te onderskei. Nie om 'n belydenis te roep en onsself te bedreig nie. Die beswaar van ds. D. F. B. de Beer dat die boek eties en esteties af te keur is, gaan dus nie op nie! Elke verhaalelement is funksioneel aangewend en in wese is die boek trou aan sy aard. Wel staan die lewensbeskouing as 'n grooteske leuen: „God is dood." Goddank egter dat ons wel die lig het om deur dit te sien. Soos Opperman sê: „Kuns is boos . . . dit werk met duiwelse middele, maar die doel is iets goddeliks!"**

P.H.R.

## Carmen Aureum mik hoog

Daar heers tans groot belangstelling vir die 1966-gesigte Carmen Aureum koor. 'n Groot aantal studente met definitiewe talent het hulle alreeds aangemeld vir stemtoese. Die koor van verlede jaar is heeltemal ontbind. Selfs die ou lede moes hulle aan keuring onderwerp.

In 'n onderhoud met mnr. Anton van Rensburg, voorsitter van die koorbestuur, het hy gesê dat hulle 'n goeie standaard moet stel gedagtig aan die welslae van die Stellenbosse Universiteitskoor.

## Meesterkonsert

**Musiekliefhebbers kan reeds 11 Maart na die eerste meesterskonsert in 'n reeks van vyf, wat vanjaar in die Konserwatoriumsaal aangebied word, gaan luister.**

Die Kehr-trio sorg vir die eerste aanbieding. Hierdie trio is in 1948 gestig en sedertdien het hulle internasionale roem verwerf met optredes by groot musiekfeeste, o.a. in Edinburgh Salzburg en Luzern.

Die lede is prof. Gunter Kehr, viool; Erich Sichermann, altviool; Bernhard Braunholz, tjello; Hans Möhring wat saam met die trio optree word vandag as een van die beste jong fluitspelers in die musiekwêreld beskou.

## Spieëlbeeld

*Met amber en oker*
*kom ek in min woorde na jou*

*op twee kante van my gesig*
*spieël die lewe terug*

*die spel en leegheid van woorde*

*kantel in my liefde om*
*kantel, kantel teen die son*

*die lig op my leed*
*die antwoord wat nie weet.*

*en flits flenters fasette*
*enklaves van nederige barette*

*en kantel in my liefde om*
*kantel, kantel teen die son.*

RODOT

## Gee my a la Leipoldt

*Gee my, gee my*
*aan die winter oor*
*aan windverwaaide bome —*
*aan nagte sonder jou —*

*laat ek slaap*
*luid-onrustig slaap*
*dromend in my woord . . .*

*skenk my sonder gebede*
*en bitter verdriet*
*skenk of gee my net:*
*vrede en wit senuwees*
*dobberend op 'n woord.*

RODOT

VIR MODERNE VERLOOFRINGE:

TRANSVALIA JUWELIERS

STADSENTRUM, POTCHEFSTROOM.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944
H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431
POTCHEFSTROOM

INSLEEP!

WAARHEEN ALMAL SLEEP

Koshuisbestellings: 6039

JOUBERT MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420,
POTCHEFSTROOM.

Vir
MODERNE MEUBELS
en alle
HUISHOUDELIKE TOERUSTING

Ons spesialiseer in die verskaffing van die
Jongste Plaat-opnames
Kom besigtig ons groot reeks.




Die mans is vanjaar bekommerd dat die dames van die plaas vanjaar deur 'n onbillike en drukke program geteister word. Dit is die slotsom waartoe hulle geraak het na diepe bespreking van die saak. Blykbaar versooraak die gewigtige program 'n natuurlike oorhaastigheid by die dames wat tot oorsaak het dat die juffies te ver deur hulle rokke klim tydens die kleeproses met dien gevolge dat die kniekoppe en wat dies meer sy, elle lank verby die some steek. Wat betreurenswaardig sou wees.

KLAGTES

Enkele fisiologies-georiënteerde mans wat 'n buitemuurse studieprogram voer betreffende die bou van die femur en tibia oftewel die skeenbeen en kuitbeen het geen klagtes in die verband nie. Maar skinderpraatjies wil hê dat dit enkelinge is wat belangstel in die algemene ligging, struktuur en kontoere van knopknieë en/of kniekoppe, nie die massa nie.

TEEKAN

'n Sekere persoon met noue verbintenis aan die universiteit was nou die ander aand glo byna in iets meer as 'n woordelike stryd gewikkel met 'n ander persoon om die teekan van die Dawie-Doepers. Iets te doen gehad met die munisipale verkiesings of iets in die trant, maar sulke sake is buitendien tog maar Grieks vir my.

DOOFPOT

'n Besondere sappige stukkie uit Klawerhof het my oortjies bereik. Dan verneem ek ook dat min of meer dieselfde skokkende gebeure in Ons Huis plaasgevind het maar dit kom voor asof die hele saak in die doofpot gedompel is. Miskien is ook maar beter so want anders sou hierdie bladsy van Die Wapad dalk ook gekonfiskeer gewees het soos vroër vanjaar in 'n ander geval gebeur het.

PRESTIGE

Dit is goed dat daar nog inrigtings is wat die laakbare gewoonte of mode navolg om sportmanne en vroue met reuse-geldbeurse te lok om sodoende die inrigting(s) se prestige op sportgebied te verhoog nie. Dis immers tog geld wat beter aangewend kon gewees het vir behoeftige en verdienstelike studente. Ek sê maar net. The rest is silence..

Met al my liefde,
KEKKELKAATJIE

## Huis Rus het goeie „gees"

Huis Rus het geen probleem wat „gees" onder die inwoners betref nie, volgens mnr. Schalk v.d. Walt lid van die koshuis se huiskomitee.

Twee van die slaapkamers word tans as gastekamers ingerig met al die nodige geriewe om die gaste se verblyf in die koshuis so aangenaam moontlik te maak. Die inwoners het hul eie kafeteria waar hulle alle noodsaaklike artikels kan kry.

Wat die inwoners die meeste tevrede stel, is hul plaaslike koerant wat deur anonieme persone uitgegee word. Die koerantjie behandel alle aktuele probleme en word aan die hele Puk-massa te koop aangebied. Die verkopers het hul hande so vol dat hulle dit nie kan verstaan as daar nog mense is wat nog nie oor 'n eksemplaar beskik nie.

## Haak-en-steek eis moltrein

Op 'n algemene koshuis-vergadering van die Huis Haak-en-Steek is onlangs 'n baie belangrike saak aangeroer.

Die mees algemene klag was dat die trein lawaai en fluit, veral wanneer daar geslaap word. Lede van die vergadering het „redelik" opstanding en warm oor die saak geword. 'n Koeler windjie het weer begin waai nadat die voorsitter onderneem het om 'n geskrif aan die Minister van Vervoer te rig.

Hierin sal hy die minister beveel om of die spoorlyn te verlê of 'n moltrein-stelsel in werking te stel. Daar is verder gedreig dat indien daar nie binne agtien maande drasties opgetree word nie, sabotasie gepleeg sou word.

# Die Afrikaner en die immigra

**Dit is gangbaar bekend dat die Suid-Afri kaanse regering besig is met 'n omvattende en groeiende proses van immigrasie. Die motiveri ng hiervan is tweërlei:**

**(1) Die blanke se getalle moet vergroot word; d.w.s. 'n raskundige motivering wat saamhang met die beleid van afsonderlike ontwikkeling.**

**(2) Die Suid-Afrikaanse ekonomie moet versterk word deur die invoering van tegnici en ander kundiges. Dus kan arbeidskragte 'n ekonomiese motivering wees wat nie heeltemal losstaande is van (1) nie.**

Die ekonomiese en raskundige voltooi egter nie die gemeenskapsfunksionering nie. Daar kom nog veel by — onder andere die kultuur.

BEÏNVLOED

**Dit bring ons by die vraag hoe die immigrasie die Afrikaner beïnvloed? Dit is heeltemal bekend dat die immigrante hulle nie by die Afrikaner-kultuurgroep skaar nie.**

Die belangrikste redes hiervoor is miskien die volgende:
() Die immigrant stel meer belang in geld en 'n gemaklike lewe — dit is hoekom hulle hier is, en dan ook die geldbesitters van die land is.
(2) die immigrant se lewens- en wêreldbeskouing verskil van die van die Afrikaner.

ENGELS

(3) Die immigrant wantrou in die toekoms van die Afrikaanse taal. Indien 'n mens in aanmerking sou neem dat Engels 'n wêreld-taal is en dat die belangrike ekonomiese lewe nie in die hande van die Afrikaner is nie, sou 'n mens die persoon wat die situasie met 'n wiskundige formule benader, moes gelykgee.

LIEFDE

'n Taal en die draers daarvan is egter nie staties nie. Die dinamiek van die etiese beginsel van liefde vir jou eie, die krag van die historiese stryd, en die geloofsbeginsel van bestemming maak die Afrikaner en sy taal kragtig-dinamies. Afrikaans is in Afrika om te bly, en dit moet besef word.

OORBRUG

'n Verdere vraag is: hoe kan dit alles oorbrug word? Aanvarende dat die regering se beleid onveranderd sal bly, kan dit soos volg gedoen word:

**(1) Die Afrikaner moet meer positief teenoor die immigrant wees. Hy moet betrek word en nie afgestoot word nie. Die Afrikaner moet nie nou in eksklusiwiteit verval nie, maar moet positief arbei en uitdra. Dit bring mee dat die probleme van aanpassing bestudeer en verstaan word.**

KINDERS

(2) Die Afrikaner moet sy aandeel in die landsekonomie steeds vergroot en daarmee sal sy taal ook 'n regmatige plek verkry.

(3) Die plig van Afrikaner is die uitbreiding van die volk. Dit is 'n Godsbevel — kinders moet nie as 'n las gesien word nie.

Terwyl die immigrasie-skema nog in die beginstadium is, moet die Afrikaner nou positief optree om sodoende ons land, volk, tradisie en kultuur te behou.

R. H. DICK

## Heimat het vlag van 1938

Die oudste vlag op die P.U. het in 1938 vir die eerste keer op die dak van Heimat gewapper. Dit word tans as argiefstuk in Heimat bewaar.

Verlede jaar is besluit dat 'n replika van die ou vlag gemaak sal word, en die werk is deur Hennie de Villiers gedoen. Hierdie nuwe vlag is amptelik op 20 Februarie vanjaar, om 12.00 middernag gehys, na afloop van die eerste koshuisvergadering van die jaar. By hierdie geleentheid het die ou-here en eerstejaars hartlik saam die Volkslied gesing.


Die gat in die een kant van die kop is veroorsaak deur 'n pyl uit die boog van 'n Gatlander, toe in 1945 'n geveg tussen die twee koshuise uitgebreek het. In hierdie geveg het Gatland die aftog geblaas, en het Heimat sy vlag behou.

Tot op hede kon geen koshuis nog daarin slaag om die vlag by Heimat te steel nie. Die ou vlag sowel as die nuwe is onder streng toesig van ongeveer 10 polisiemanne wat reeds sedert 1938 daar wagstaan.

## Duur klappie

'n Student wat in Brisbane 'n vroulike geregsdienaar speels op die agterstewe geklap het, het voor die hof skuldig gepleit op aanklag van „ernstige aanranding."

Die student, Leonard Baitz, 21, is beboet met 25 Australiese dollars (R20).



Heimat se vlag word elke oggend gehys om met sonsondergang weer gestryk te word. Die vlag is 'n replika van die oorspronklike koshuisvlag.

(Foto: De Zee


Met komplimente van
AJAX
(Edms.) Bpk.
BOEKE —
SKRYFBEHOEFTES

LA VOGUE
POTCHEFSTROOM
SE MEES MODERNE
DRAPERIE
HANDEL.
La Femme Drapers
(Pty.) Ltd.
KERKSTRAAT 130,
Telefoon 3822.

DIE BULT
DAMES
HAARKAPPERSALON
ons spesialiseer...
Tomstraat 86A
Telefoon 5537

Nuwe rigtings.
Nuwe vlugte—stralersnel.
Waar u ook al gaan,
vind u Peter Stuyvesant—
jongste van die wêreldmerke.
Ryk, keurige tabak.
Wonderfilter.
Koningsformaat—
soveel meer
om te geniet!




Vervaardig in Suid-Afrika. Ook in Londen, Sydney, Amsterdam, Kuala Lumpur, Dublin, Toronto, Salisbury, Zurich, Singapoer, Wenen, Auckland, Lusaka en Berlyn
PS375A



**Die krieketspan van Over de Voor wat tans so goed presteer in die koshuis-liga. (Die kaptein van die span, P. van Ryneveld, verskyn nie op die foto nie).**

(Foto: De Zee

# Krieketspelers presteer

**Die Puk se eerste span het die hef in die hande gehad in sy wedstryd teen Witrand nadat hulle in die eerste beurt 154 lopies vir die verlies van 9 paaltjies aangeteken het en daarna Witrand 2 paaltjies vir 33 lopies laat kantel het.**

**Die Pukke het baie stadig gekolf nadat Lappies Labuschagne met die tweede bal van die dag skoongeboul is. Kort daarna was die telling 8 lopies vir die verlies van 3 paaltjies toe Christo van der Walt en Fanie du Plessis ook pawiljoen toe moes stap. Daarna het die kolwers stadig maar seker die oorhand begin kry, maar met hul telling op 24 moes Anton Welman ook stap toe hy ongelukkig uitgehardloop is. Met die Puk se telling op 65 vir 5 moes Eugene Kruger stap met sy telling op 34.**

Na teetyd is Jan Kruger ook uit met sy telling op 31, aangeteken in meer as 2 uur. 'n Pragbeurt deur Alan McLoed, 46 en Dawid van der Merwe, 22 lopies, het die Puk se totaal op 154 vir 9 te staan gebring, en is die beurt gesluit verklaar.


Toe Witrand begin kolf het het Jannie Nel vinnig deurgebreek en twee paaltjies laat spat op 'n blad wat toe hondmak was. Aan die einde van die dag se spel wat oor 2 Saterdae beslis word, het Witrand 33 lopies vir die verlies van 2 paaltjies op die telbord gehad.

**Die Pukke het ook reeds die seisoen afgereken met spanne van die Weermag en Boys High. Onder leiding van Rodney Cass, Engelse beroepsafrigter, word daar nou reeds gebou aan 'n span wat aan die einde van die jaar aan die Interuniversitêre toernooi gaan deelneem.**

**Kompleks het Saterdag weer gewys dat hulle 'n moeilike span is en het daarin geslaag om die sterk span van Dorp op die eerste beurt met 5 paaltjies te klop. Dorp het 90 lopies op die telbord gehad toe die laaste mans moes stap.**

Kompleks het egter hard teruggeslaan en met die einde van die dag se spel het hulle 92 lopies vir die verlies van 5 paaltjies op die telbord gehad. Hiervan het Nick Vreken 34 en J. Dreyer 24 lopies aangeteken. Dirk Laufs van Kompleks het weereens uitgeblink deur 4 paaltjies vir 23 lopies in te oes.

# Oom Piet Gesels



**Die Sportinstituut en al die sportklubs aan die Universiteit is baie dankbaar dat die Senaat 'n ekstra sportperiode op Donderdae na 5 uur op die lesrooster ingeruim het. Ek hoop die studente gaan hierdie toegewing vanaf die kant van die akademie ten volle benut.**

As gevolg van die groot tekort aan sportvelde en sale vir binnenshuise sport sal die sportmanne en sportvroue verplig wees om van elke moontlike geleentheid gebruik te maak om te oefen.

**TEKORT**

Die tennisspelers, om maar 'n voorbeeld te noem kry nie voldoende oefening as gevolg van die tekort aan bane nie daarom doen ek 'n beroep op al die spelers om ook saans te speel. Die bane is elke aand vanaf 6.30 — 7.30 nm en Vrydae en Saterdagaande vanaf 7.30—10 nm. beskikbaar. Is dit dan nie veel aangenamer om op maanligaande in die buitelug te verkeer as om in 'n bedompige, gerookte atmosfeer van 'n bioskoop te sit nie?

**DISSIPLINEER**

**As elke speler homself dissiplineer (in die sportwêreld is dit 'n belangrike woord) en sorg dat hy aan die begin van hierdie belangrike sportjaar volkome fiks word, sal die sportprestasies nie uitgesluit word nie.**

Die groot wagwoord is en bly nog altyd: „Fiksheid". Wat is fiksheid? Die wetenskaplikes het baie geleerde definisies, maar Generaal Klopper som dit as volg op: „Fiksheid is soos 'n perd wat jy te enigertyd kan opsaal en ry."

**BASIESE FIKSHEID**

Sportprestasies verlang vandag geweldige hoë eise dat geen spier in die liggaam nagelaat mag word nie. Gedurende hierdie tydperk moet meer klem op kondisionering van die liggaam val. Dit behels die volgende:

(a) **Die algemene ontwikkeling van alle spiere tot krag, spoed, stamina en behendigheid.**

(b) **Die vehoging van die wilskrag met vreugde aan oefening, deelname, pretasie en die alledaagse lewe.**

(c) **Die bevordering van gesondheid.**



**Jannie Nel wat tans 'n kursus in B.Sc. volg aan die universiteit en vir die Puk se rugbyspan sal kan uitdraf vanjaar. Hy is 'n voormalige student van die Universiteit van Pretoria en het sy kleure vir die universiteit asook vir die span van Noord-Transvaal verwerf.**

(Foto: De Zee

# AFRIGTERS HOU KURSUS

**'n Puik rugbyafrigtingskursus sal op die 27ste Maart op die P.U. se velde plaasvind vir rugbyafrigters aan alle laerskole, hoërskole en van alle klubs in Wes-Transvaal.**

Dit geskied op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad en in samewerking met die Wes-Transvaalse Rugby-Unie en die Departement van Sport en Ontspanning en word aangebied deur die Sportinstituut van die Potchefstroomse Universiteit. 'n Paneel van bekende Springbokke sal kursus waarneem.

Na afloop van die kursus sal eksamenvraestelle aan alle kursusgangers oorhandig word wat tuis uitgewerk moet word. Op hierdie wyse kan die afrigtersertifikaat van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad verwerf word.

Daarnaas word ook 'n groot afrigtingskursus vanaf Dinsdag tot Vrydag 31 Maart, gehou waarna die eerstespanne van alle skole in Wes-Transvaal en omgewing soos die Noord-Vrystaat en die res van Transvaal sal uitgenooi word.

Weer sal beroemde oud-Springbokke die afrigting waarneem wat veral op die praktiese toegespits sal word. Alle fasette van die spel, soos posisionele spel, span-spel ens. sal behandel word.

By albei kursusse sal mnr. Piet Malan as hooforganiseerder optree. Mnr. Piet Malan is Saterdag 25 Februarie as voorsitter van die Wes-Transvaalse Rugbykeurkomitee gekies. Baie geluk Oom Piet!

## Koshuisliga vir dameshokkie

**Die dameshokkiespan beoog 'n weeklikse koshuisliga in sy jaarprogram. Volgens opname is daar heelwat dames in die koshuise wat graag hokkie wil speel, maar aangesien ons net een hokkieveld het, kan op die meeste twee spanne vir ligawedstryde ingeskryf word. Deur die koshuisliga sal die dames wat nie die spanne haal nie, ook beurt kan word.**

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
tot jassies en sokkies.

# KRIEKETKOORS PAK DIE P.U.-DAMES

**Die dames aan die Puk het besluit om hul eie krieketklub te stig.**

Die krieketgees het nou ook sterk onder die dames posgevat en hul aangespoor tot hul eerste krieketoefening op Woensdag 28 Februarie (kort na die Springbokke se oorwinning die vorige dag).

Janet Wissing het met die blink gedagte by Klawerhof gaan aanklop en gesorg vir tien dames om die ys te breek. Onder leiding van die kaptein van die P.U.-krieketspan, Dawie van der Merwe en gewilliges soos Piet Mulder is aan die geesdriftiges die basiese beginsels van die spel verduidelik.

**VASBESLOTE**

Die nuwelinge is vasbeslote om aan te hou en die klub uit te bou tot iets groots. Hoe lyk dit dames?

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**

# Tennis maak opgang

Op die tenniskampioenskappe van die Suid-Afrikaanse universiteite in November en Desember verlede jaar het die P.U. mans en dames oor die algemeen beter gevaar as in die vorige jare en die uitslag is in talle gevalle eers in die derde stelle beslis.

Volgens die uitslae mag dit miskien voorkom asof ons spanne nie so goed gevaar het nie, maar dan moet onthou word dat universiteite soos Bloemfontein en Port Elizabeth bv. glad nie damesspanne na Wits gestuur het nie.

In die lig moet ons die tennis spanne geluk wens en verwag ons baie van vanjaar se byeenkoms in Kaapstad.

# Atletiek is al in volle gang

**POTCHEFSTROOM** — Die Puk se klinkende oorwinning oor Potchefstroomdorp, die Landboukollege, Carletonville en Lichtenburg gekombineerd op Donderdag 16 Februarie was die tweede van 'n reeks ligabyeenkomste wat aan die atletiekliefhebber baie beloof.

So vind op Saterdag 4 Maart die Wes-Transvaalse kampioenskappe op die Bill Swart-Ovaal plaas waar die Puk-atlete seer sekerlik weer 'n leidende rol sal speel. Verder sal ons atlete op Dinsdag 14 Maart die Weermag aandurf.

**POTE**

**En dan: die byeenkoms teen Pote? Op Dinsdag 21 Maart sal die vasberade spanne van Puk en Pote opnuut kragte meet en die gevoelens sal weer hoog loop.**

„Vleispasteitjies met tamatiesous asseblief . . .

Turkstra

te kry by u kafeteria